higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

8 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	C		
	1.1.3	A		
	1.1.4	D		
	1.1.5	D		
	1.1.6	D		
	1.1.7	A		
	1.1.8	B		
	1.1.9	C		
	1.1.10	A		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Waar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Onwaar		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	indeksering		
	1.3.2	korporatiewe		
	1.3.3	goedere- en dienstebelasting		
	1.3.4	beleggingsbeoordeling		
	1.3.5	herverdeling van welvaart		
	1.3.6	plaaslike		
	1.3.7	eiendomsbelasting		
	1.3.8	maksimum		
	1.3.9	skriftelike		
	1.3.10	beleid van die wetgewer		
			(10 × 2)	(20)
1.4	1.4.1	C		
	1.4.2	F		
	1.4.3	A		
	1.4.4	B		
	1.4.5	E		
	1.4.6	G		
	1.4.7	D		

Kopiereg voorbehou

1.4.8 H
1.4.9 I
1.4.10 J

(10 × 2) (20)
[80]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Begroting: Dit is 'n finansiële staat of plan✓ wat die ramings van inkomste en uitgawes ✓ oor 'n sekere tydperk,✓ bv. 'n jaar✓ bevat.

2.1.2 Oudit: Dit is die ondersoek van finansiële rekords✓ deur verskeie owerhede ✓ om seker te maak dat alle inkomste en uitgawes ✓ behoorlik en pligsgetrou aangeteken en voor verantwoording gedoen is. ✓

2.1.3 Begrotingsuitvoering: Dit is wanneer die begroting 'n instrument word om te verseker dat programme doeltreffend uitgevoer word.✓✓ Dit is waar dit verseker word dat aan die behoeftes van die burgers van die land voldoen word,✓ soos beskryf word in die begroting.✓

(4 × 3) (12)

2.2 *Priori kontrole* is 'n voorgeskrewe kontrole of beheermaatreël wat beplan word voordat enige uitgawes plaasvind,✓✓ terwyl✓ *ex post facto kontrole* 'n beheermaatreël is wat deur oudits plaasvind nadat uitgawes gemaak het. ✓✓

(5)

2.3
- Kry instruksies:✓ Individuele regeringsdepartemente kry riglyne by die Tesourie.✓ Die riglyne kan bv. 'n maksimum perk op uitgawes van nie meer nie as 'n sekere persentasie verhoging teenoor die vorige jaar insluit. ✓ Weer eens word beleidsrigting en -prioriteite aan die onderskeie departemente gekommunikeer.✓
- Hersien die konsepbegroting:✓ Die bedryfsdepartemente dien hulle konsepbegroting✓ by 'n begrotingsdepartement in vir konsolidasie van die ramings van uitgawes en motiveringsverslae in een dokument. Die begrotingsdepartement sal dan kontroleer om seker te maak dat die konsepbegroting aan departementele beleid, die riglyne van die uitvoerende gesag en die algehele beleid van die wetgewer voldoen.✓✓
- Oorweging van die konsepbegroting:✓ Die uitvoerende owerheid lees en keur die begroting goed as die laaste stadium van die voorbereidingsfase.✓ Dan bepaal die uitvoerende owerheid of die konsepbegroting aan die beleidsriglyne voldoen of nie.✓ Dit kan gedoen word deur te bevraagteken of spesifieke oogmerke en doelwitte bereik is asook of voorsiening gemaak is om daardie doelwitte te bereik.✓ (4 × 3) (12)

2.4
- Finansiële verantwoordelikheid
- Doel van uitgawe
- Uitgawe-items
- Bron van finansiering (2 × 4) (8)

2.5
- Ouditeur-Generaal
- Rekeningkundige beamptes
- Openbare rekeninge komitee (3)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Onderwerpe van belasting: Dit is mense of regsentiteite soos 'n maatskappy ✓✓ wat verantwoordelik is om die verlangde belasting te betaal. ✓✓

3.1.2 Voorwerpe van belasting: Dit is wat die onderwerpe besit ✓✓ – die inkomste, welvaart (eiendom) en koopkrag (soos met verbruiksbelasting).✓✓

3.1.3 Belastingbasis: Daardie gedeelte van die inkomste of welvaart✓✓ wat onderhewig is aan belasting.✓✓ (4 × 3) (8)

3.2
- BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde):✓ Dit is 'n verkoopsbelasting wat gehef word op elke opeenvolgende stadium van handeldrywing.✓ Dit is 'n belasting wat gehef word op verskaffing van goedere en dienste gelewer deur enige besigheid in die proses van sake doen.✓
- Invoerbelasting:✓ Hierdie tipe belasting het twee belangrike funksies aangesien dit 'n bron van inkomste is,✓ asook 'n manier waarop die regering invoer van goedere ontmoedig ✓ en storting van goedere te verhoed.
- Aksynsbelasting:✓ Dit word dikwels sonde- of welvaartbelasting genoem.✓ Hierdie belasting word gehef op kommoditeite wat as weelde-items gebruik word soos tabak, alkohol, juweliersware ens.✓✓ (12)

3.3 Belastingaftrekkings is die toelaatbare aftrekkings van die netto inkomste van die belastingbetaler✓ vóór die belastingbasis bereken word,✓ terwyl✓ belastinguitsonderings is wanneer sekere liggame soos instellings sonder winsbejag nie belasting betaal✓ wanneer hulle nie wins maak nie.✓ (5)

3.4
- Eiendomsbelasting
- Boedelbelasting
- Hereregte
- Seëlreg
- Kapitaalwinsbelasting (Enige 2 × 4 van die bogenoemde) (8)

3.5 Ekonomiese regulatoriese funksie: Dit is wanneer die regering meer van mense wegneem om die ekonomie af te koel.✓ Dit laat die burgers met minder om te bestee, ✓ die ekonomie word gereguleer en inflasie daal.✓

(3)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Inkomste: Dit verwys na die bron van fondse.✓✓Dit kan in die vorm van inkomstebelasting, besigheidsbelasting en eiendomsbelasting wees.✓✓

4.1.2 Kapitaaluitgawes: Dit geld wat bestee word met die doel om geboue, grond, masjinerie ens. te verkry ✓ en sluit algemene infrastruktuur in.✓ Hierdie uitgawes sal vir ’n tydperk langer as ’n jaar duur. ✓✓

4.1.3 Bedryfs- of lopende uitgawes: Dit is geld wat begroot en gebruik word vir dag-vir-dag uitgawes,✓ instandhouding van infrastruktuur ✓asook betaling van personeelsalarisse.✓✓

(4 × 3) (12)

4.2 Billike finansiering is waar huidige en toekomstige generasie belastingbetalers die las van die kapitaalprojekte deel ✓ aangesien hulle almal kontant bydra om die projekte te finansier,✓ terwyl✓ stabiliserende effek ’n aksie is wat geneem word om skommelings van die belastingbasis en belastingkoers te vermy,✓ deur ’n afsonderlike kapitaalbegroting op te stel en kapitaalprojekte te finansier uit lenings waar daartoe lei dat die belastinglas op belastingbetalers jaar na jaar verminder word.✓ (5)

4.3
- Politieke oorwegings:✓✓ Die gemeenskap moet geraadpleeg word en moet ten gunste van of teen die projek stem✓ voordat so ’n projek begin.✓
- Klassifikasie van items:✓ Soms is dit moeilik om items as kapitaalbates of bedryfsuitgawes te klassifiseer.✓ Items wat vir ’n jaar of langer duur, word as kapitaalbates geklassifiseer, terwyl sekere items soos ’n pen vir ’n jaar of langer gebruik kan word, maar dit word onder bedryfsuitgawes geklassifiseer;✓ die aankoopprys van die item bepaal sy klassifikasie.✓
- Belangrike kwessies:✓ Ander belangrike kwessies soos gemeenskapsbehoeftes, kostestygings, tegnologiese veranderings ens.✓ moet oorweeg word ✓ in die proses van kapitaalbegroting.✓
- Wisselvallige plaaslike ekonomieë:✓ Wanneer kapitaalprojekte deur lenings uit die buiteland gefinansier word, kan dit tot drastiese skommelings in leningsterugbetalings lei✓ as die plaaslike geldeenheid verswak,✓ wat terugbetalings duurder maak.✓

(4 × 4) (16)

4.4
- Skenkings van private individue of organisasies
- Lenings/toelaag deur ander owerhede
- Lenings op die kapitaalmark (2 × 3) (6)

4.5
- Belastingfonds
- Verbruikerstariewe
- Kapitale reserwefonds
- Grondtrustfondse (Enige EEN) (1)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou